# Klein Karoo Voetslaanklub (KKVK)

Die Klein Karoo Voetslaanklub (KKVK) met Oudtshoorn as hoofkwartier bestaan reeds vir langer as drie dekades.

**DOEL**

Die doel van die klub is om op 'n georganiseerde wyse geleenthede aan sy lede te bied om aan voetslaanaktiwiteite in die natuur deel te neem.

**BESTUUR**

Die klub word bestuur deur 'n bestuurskomitee wat jaarliks tydens 'n algemene jaarvergadering van die lede verkies word en bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse, tesourier en twee bykomende lede.

**LIDMAATSKAP**

Die klub is 'n oop klub wat lidmaatskap toestaan aan enige persoon in Suid-Afrika wat in voetslaanaktiwiteite belangstel (ongeag waar die persoon woon), die bepalings van die grondwet van die klub aanvaar en daarvolgens optree. Persone wat in lidmaatskap belangstel, moet 'n aansoekvorm voltooi wat by die sekretaresse verkry kan word (sien kontakbesonderhede verderaan in die pamflet). Die klub verwelkom deelname van belangstellende nie-lede aan sy aktiwiteite, waar die reëling geld dat 'n nie-lid met die eerste uitstappie gratis kan deelneem, maar daarna 'n deelnamefooi moet betaal per aktiwiteit wat hy/sy meemaak. Die deelnamefooi word jaarliks hersien. Klublede kry altyd voorkeur by aktiwiteite waar daar 'n beperking op getalle is.

**GRONDWET**

Die klub beskik oor 'n grondwet wat deur sy lede goedgekeur is en waarvolgens die funksies en aktiwiteite van die klub bedryf word. Wanneer 'n belangstellende persoon om lidmaatskap aansoek doen, sal 'n afskrif van die konstitusie aan hom/haar beskikbaar gestel word.

**PROGRAM**

Die bestuurskomitee van die klub stel jaarliks aan die begin van die jaar 'n program op van aktiwiteite wat gedurende die jaar sal plaasvind. Elke aktiwiteit word gereël deur 'n organiseerder wie se kontakbesonderhede op die program verskyn. Die beleid van die klub is ook dat enige lid vry moet voel om 'n aktiwiteit te reël op 'n datum wat nie bots met 'n datum op die program nie en dan ander klublede daarby te betrek – die komitee sal die persoon help om alle lede van die reëlings in te lig.

**AKTIWITEITE**

Die bestuurskomitee probeer om die program te balanseer met aktiwiteite wat soveel as moontlik voorkeure bevredig, dus word korter en langer, makliker en moeiliker, nader en verder aktiwiteite in die vorm van dagstappe, naweekstappe (2 dae), naweke met dagstappe, en langer stappe (4 tot 8 dae) gereël. Aktiwiteite op die program kan op enige plek in Suider-Afrika wees – dit is nie tot die Wes-Kaap beperk nie.

**LEDEGELD**

Lede betaal 'n minimale jaarlikse bedrag as ledegeld aan die klub, wat gebruik word vir administratiewe funksies en ook om sekere klubaktiwiteite te subsidieer. Die ledegeld word elke jaar by die algemene jaarvergadering hersien en goedgekeur.

**VRYWARING**

Wanneer 'n persoon om lidmaatskap van die klub aansoek doen, onderneem hy/sy onder andere om die klub, sy bestuur en lede te vrywaar teen enige eis vir skade of verlies voortspruitend uit enige uitstappie of aktiwiteit van die klub en sy lede. Lede moet hulself vergewis van die moeilikheids-graad van aktiwiteite en neem op eie risiko aan aktiwiteite van die klub deel.

**KOMMUNIKASIE**

Klublede ontvang gereelde kommunikasie per e-pos oor aktiwiteite op die program.

**INLIGTING EN KONTAKBESONDERHEDE**

Enige inligting oor die klub kan by een van die volgende persone of op die webwerf bekom word:

Voorsitter: Danie Steyl
078 469 3727
daniesteyl57@gmail.com

Sekretaresse: Jolinda Viljoen
073 895 1276
kalpjc1@gmail.com

**KLUB E-POS:**

kleinkaroovoetslaanklub@gmail.com

**WEBWERF**

https://kleinkaroovoetslaanklub.godaddysites.com